

to MARIAM GILLAN, model CHANTELE

Kyk hoe *fraai!*

Min tyd, min geld? Dan is dié oulike
denimbroeke en blokkieshemp vir 'n
meisiekind die antwoord. Knip en
stik en siedaar!

AFKORTINGS

RK = regte kant; VK = verkeerde kant; MV = middel voor; MA = middel agter; VP = voorpant; AP = agterpant; NT = naattoelating.

ALGEMENE AANWYSINGS

- Gebruik katoen vir hempie – natuurlike stowwe is altyd 'n goeie keuse vir kinderklere – en denim of seilstof vir broekie.
- Werk alle rafelrande af met omkapmasjien of sigsagsteeke van naaimasjien.
- Gebruik liggewig-Vilene om hemp se kraag, mouboordjies en knoopstroke te versterk.
- Stik nate met RK teen mekaar, tensy anders aangedui.
- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Naat- en soomtoelatings van 10 mm is reeds bygereken.
- Pars namate kledingstukke vorder.
- Gebruik blokpatroonpapier – blokkies = 2 x 2 cm – om kleiner diagramme op te vergroot en na te trek en sô jou eie papierpatrone te maak. 1 blokkie op diagram = 10 x 10 cm. Plaas patroonbuitelyne op blokke met behulp van kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.

MATE

Die patrone is ontwerp vir seuns en meisietjies van vyf tot sewe jaar.

BROEKIE

JY BENODIG

75 cm denim of seilstof, 150 cm breed; 45 cm breë rek, sowat 2 cm breed, vir middellyf.

MAAK SÔ

- Stik MV-naat – toe naat is geskik.
- Stik MA-naat.
- Stik binnebeennate.
- Werk rek vas om sirkel te vorm.
- Pars soom in by middellyf, breed genoeg om rek deur te ryg.
- Plaas rek in posisie by middellyf en stik soom in sodat rek binne-in slopie is.
- Opsioneel: Stik rek vas deur nog 1 stiksel te maak tussen soomstiksel en rand van broekie.
- Meet lengte van broek en stik soom in sodat broekie verlangde lengte sal hê.
- Opsioneel: Vir broekie se omvouflappe kan 2 pante van hempiestof geknip word en aan

soomlyn vasgestik word: RK teen mekaar, vou na binne by naat. Pars plat en rol op tot verlangde lengte.

HEMP

JY BENODIG

90 cm sagte katoenstof, 115 cm breed; 20 cm Vilene; 8 hems-knopies.

MAAK SÔ

- Stik skouernate vas.
- Stik synate.
- Versterk knoopstrook en mouboordjie en 1 kraagdeel met Vilene en pars knoopstrook en mou-

boordjie op voulyn.

- Vou mouboordjies op voulyn en stik aan weerskante. Knip hoekies en dop om.
- Stik moue se onderarmnate toe deur oopgevoude naat te gebruik. Stik net toe tot 5 cm van onder. Pars oop.
- Speld boordjie aan onderkant van mou vas, RK teen mekaar, maar vou mounaat se NT terug, oor boordjie. Stik vas.
- Speld moue in mouholtes en stik vas.
- Kraag: Stik kraagpante vas, RK teen mekaar. Knip hoekies en dop kraag om.
- Speld aan hemp vas deur MA

van sowel kraag as hemp te merk. Vou knoopstrook terug oor kraag – dieselfde tegniek as wat vir mouboordjies gebruik is. Stik vas.

- Merk knoopsgate op hemp en mouboordjies: vir meisietjies op regter-VP, vir seuns op linker-VP.
- Maak knoopsgate.
- Werk knopies vas.
- Stik hemp se soom in.

Saamgestel deur Sandra Bodenstein. VIONA VILJOEN het die klere eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gemaak.

